Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

14 Augustus 2023

Omsendskrywe 6 van 2023

Aan: Alle Deelnemende Werkgewers en lede van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Geagte Werkgewers en Lede

KENNISGEWING VAN NUWE DIENSVERSKAFFER VIR DIE BEGRAFNISSKEMA

Die Bestuurskomitee van die NG Kerk van Transvaal se Pensioenfonds het ’n ondersoek geloods na ’n alternatiewe diensverskaffer vir die begrafnisskema nadat verskeie klagtes ontvang is oor die dienslewering van die huidige diensverskaffer, Sanlam Sky.

Verskeie kwotasies is ontvang insluitende een vanaf ons huidige groeprisiko verskaffer: Sanlam Groepskemas. Hierdie diensverskaffer het nie net die huidige voordeelstruktuur kon handhaaf nie, maar het ook ’n alternatiewe opsie aan ons aangebied wat ’n beter uitkoms vir lede wat Opsie 2 gekies het (die voortsetting van die dekking onder die begrafnisskema na aftrede), sal verseker.

Na deeglike oorweging het die Bestuurskomitee besluit om die begrafnisskema vanaf 01 November 2023 oor te skuif na Sanlam Groepskemas.

Hieronder ‘n uiteensetting en vergelyking van die voordele en kostes tussen die huidige diensverskaffer, Sanlam Sky en die nuwe diensverskaffer, Sanlam Groepskemas.

+ **Opsie 1**

  Hierdie dekking geld vir alle lede wat aktief in diens is. Dekking staak by diensverlating vir enige rede insluitende aftrede. Daar is geen verskil tussen die voordele of premies tussen die huidige en die nuwe verskaffer nie:

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

	Sanlam Sky Huidige verskaffer	**Sanlam Groepskemas**
Hooflid	R15 000	R15 000
Gade	R15 000	R15 000
Versekerde kinders		
+ Ouderdom 14 tot 21 jaar	R15 000	R15 000
+ Ouderdom 6 tot 13 jaar	R7 500	R7 500
+ Ouderdom 1 to 5 jaar	R3750	R3750
+ Doodgebore	R3750	R3750
Premie	**R16.80 per lid per maand**	**R16.80 per lid per maand**
Aanvullende voordeel		
Hooflid	R5 000	R5 000
Gade	R5 000	R5 000
Versekerde kinders		
+ Ouderdom 14 tot 21 jaar	R5 000	R5 000
+ Ouderdom 6 tot 13 jaar	R2 500	R2 500
+ Ouderdom 1 tot 5 jaar	R1 250	R1 250
+ Doodgebore	R1 250	R1 250
Premie	**R18.00 per lid per maand**	**R18.00 per lid per maand**
Totale Premie vir R 20 000 dekking	**R 34.80 per lid per maand**	**R34.80 per lid per maand**

+ **Opsie 2**

Tans kan lede wat **aktief in diens** is en hierdie opsie uitoefen, na aftrede voortgaan met die dekking in hulle persoonlike hoedanigheid en die lid moet dan die premie self betaal. By die nuwe verskaffer word ’n lid se dekking opbetaald gemaak wanneer hy ouderdom 65 bereik en ontvang hy/sy ’n opbetaalde sertfikaat en geen verdere premies is dan betaalbaar nie. Die dekking bly van krag vir u en u onmiddellike gesin soos onder in die vergelyking uiteengesit, totdat die hooflid ouerdom 120 jaar bereik.

U sal merk dat die premie effens verhoog het om vir u toekomstige opbetaalde dekking voorsiening te maak.

	Sanlam Sky Huidige verskaffer	**Sanlam Groepskemas**
Hooflid	R15 000	R15 000
Gade	R15 000	R15 000
Versekerde kinders		
+ Ouderdom 14 tot 21 jaar	R15 000	R15 000
+ Ouderdom 6 tot 13 jaar	R7 500	R7 500
+ Ouderdom 1 to 5 jaar	R3750	R3750
+ Doodgebore	R3750	R3750
Premie	**R30.00 per lid per maand**	**R36.00 per lid per maand**
Aanvullende voordeel		
Hooflid	R5 000	R5 000
Gade	R5 000	R5 000
Versekerde kinders		
+ Ouderdom 14 tot 21 jaar	R5 000	R5 000
+ Ouderdom 6 tot 13 jaar	R2 500	R2 500
+ Ouderdom 1 to 5 jaar	R1 250	R1 250
+ Doodgebore	R1 250	R1 250
Premie	**R18.00 per lid per maand**	**R21.60 per lid per maand**
Totale Premie vir R 20 000 dekking	**R 48.00 per lid per maand**	**R57.60 per lid per maand**

+ **Lede wat reeds afgetree het voor 01 November 2023 en Opsie 2 gekies het**

  Sodanige lede is steeds verantwoordelik is vir hulle eie premiebetalings. Hierdie premies sal per debietorder ingestel moet word. Daar sal afsonderlik met hierdie lede gekommunikeer word.

Daar sal per verdere omsendskrywe weer aan werkgewers gekommunikeer word oor die detail van die maandelikse skedule, bankbesonderhede asook kontakbesonderhede. Soos in die aanhef genoem, is hierdie bloot ’n kennisgewing dat daar van diensverskaffer verander gaan word en dat Opsie 2 lede effe meer betaal om die voordeel van ’n opbetaalde skema by aftrede te kan geniet.

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER